

Sing vooraf staande: Psalm 68:8, 9 (p. 333)

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlig omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.
- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 24:1, 3 (p. 111)

- 1 Die ganse aarde, land en meer / met al wat leef, is uwe, HEER!
U het die waters in hul woede / betuel in die skeppingstond
en het die aarde vas gegrond / op wye seënen watervloede.
- 3 Geregtheid daal op hom neer; / 'n seën verkry hy van die HEER,
wat stil Hom volg op al sy skrede. / Dit is die ware Israel,
die volk wat vra na Gods bestel, / en wat Hom soek in hul gebede.

Gebed

Psalm 47:1, 2 (p. 240)

- 1 Juig, o volke, juig! Handklap en betuig / voor die HEER jul vreug! Wees in God verheug!
Sing Hom lof en prys op verhewe wys, / want bo al wat leef en voor Hom moet beef,
sal sy septer wink en sy glorie blink – / Allerhoogste in eer, groot is God die HEER!
- 2 God die HEER so groot, het sy arm ontbloot; / hul wat ons omring, het Hy saamgebring
dat hul trotse nek ons tot voetbank strek. / Hy, die sterke God, kies vir ons ons lot:
Jakobs pronkjuweel, Kana'n, word ons deel. / Dit is aan sy kneg gunstig toegeseg.

Skriflesing: Psalm 47:1-10

Kernverse: Psalm 47:6-10

God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank.

Psalmsing tot eer van God, psalmsing! Psalmsing tot eer van ons Koning, psalmsing!

Want God is Koning van die hele aarde; psalmsing met 'n onderwysing.

God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon.

Die edeles van die volke het vergader—'n volk van die God van Abraham; want aan God behoort die skilde van die aarde. Hoog verhewe is Hy!

(Psalm 47:6-10 AFR53)

Tema: Ons Koning Jesus Christus het sy troon bestyg

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, anders as Kersfees gaan Hemelvaart ongesiens by die wêreld verby. Ongelukkig gaan Hemelvaart nie net ongesiens by die wêreld verby nie, maar in baie gevalle gaan dit ook ongesiens by die kerk verby. Miskien slaan ons nie soveel ag op Hemelvaart nie, want daar is nie helder liggies en aanhoudende deuntjies wat ons aan hierdie dag herinner soos aan Kersfees nie. Die wêreld sal ook nie 'n poging aanwend om mense aan Hemelvaart te herinner nie.

Aan die een kant, omdat hulle nie soos by Kersfees geld uit hierdie dag kan maak nie. Maar aan die ander kant, wil die wêreld nie hierdie dag onthou nie, want dan sal die wêreld teen wil en dank moet erken dat God inderdaad die Alleenheerser is oor alles en almal en dat Jesus Christus in werklikheid leef en regeer as Koning oor die hele aarde.

As die wêreld Hemelvaart erken, dan moet hulle die leuens waaraan hulle in domastrandheid vasklem, laat vaar. Dan moet hulle erken dat hulle nie self baas is oor hulle lewe en hulle wêreld nie. Dan moet hulle erken dat Jesus Christus inderdaad uit die dood opgestaan het. En uiteindelik sal hulle dan moet erken dat hulle verkeerd was oor die Here Jesus Christus. Maar dit sal die wêreld nie maklik wil doen nie, want hulle is te skaam om te erken dat hulle verkeerd is en hulle is in hulle blinde dwaasheid te trots om te erken dat hulle 'n fout oor Jesus gemaak het.

Maar met hierdie psalm kom leer die Here ons dat die kerk nie oor die Hemelvaart mag stilbly nie. As die wêreld oor Hemelvaart swyg, beteken dit nie dat die kerk ook nou maar moet stilbly nie. Christus het ons juis deur sy kosbare dood aan die kruis kinders van God gemaak, sodat ons anders as die wêreld moet wees. Met sy Heilige Gees rus Hy ons toe om in hierdie wêreld wat saai en vaal geword het van die sonde 'n verskil te maak. Ons moet juig en van vreugde jubel, want ons Koning Jesus Christus het opgevaar na die hemel, sy troon bestyg en Hy regeer as ewige Koning daar.

Geliefdes, die oorsprong van ons psalm is nie duidelik nie. Party mense dink daaraan dat die nageslag van Korag hierdie psalm onder leiding van die Heilige Gees gemaak het toe Dawid die verbondsark van die Here na Jerusalem gebring het en in die tent op Sion geplaas het. Ander mense dink weer daaraan dat hierdie psalm gesing is toe Salomo die tempel vir die Here klaar gebou het en hulle die verbondsark in die tempel ingedra het. Oor wanneer die lied ontstaan het, hoef ons egter nie bekommerd te wees nie. Wat wel uitstaan in hierdie psalm is dat God opgegaan het na Sion omdat Hy hierdie plek op die hele aarde gekies het om sy tempel te vestig. Daar heers Hy as Koning oor die hele aarde. Daarom word die lof en eer van die Here besing en uitgejubel, want Hy alleen is Koning.

Die verbondsark met sy goue deksel waarop twee gerubs met hulle uitgespreide vlerke die deksel bedek, is die heilige simbool wat Moses in opdrag van die Here moes maak. Hierdie verbondsark was so heilig dat geen mens daaraan mag geraak of daarna gestaar het nie. Die verbondsark is deur die Here self heilig verklaar, want dit is die simbool wat Hy aan sy volk gee om sy teenwoordigheid by hulle uit te beeld. Daarom is die verbondsark later die troon van God in Sion genoem. Dit is immers van bo van die deksel af dat die Here met Moses in die tent van ontmoeting gepraat het. As die verbondsark dan teen Sionsberg opgedra word in die tent in wat Dawid daarvoor gemaak het of in die tempel in wat Salomo gebou het, is dit die simbool dat God opgegaan het na Sionsberg.

Die Here bevestig sy teenwoordigheid by sy volk nadat die verbondsark in die tempel op Sionsberg ingedra is. 'n Wolk het die tempel gevul. En in 1 Konings 8 skryf die Heilige Gees dan:

Dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die huis van die Here gevul het. (1 Konings 8:11 AFR83)

Daarom word die Israeliete en alle volke opgeroep om tot eer van God met 'n stem van gejubel te juig en hande te klap, want die Koning oor die hele aarde het opgevaar en sy troon op Sionsberg bestyg. Dat God inderdaad Koning oor die hele aarde is, word daar in ons psalm gesê wie Hy is en wat Hy gedoen het.

God is die enigste Here, die God van die verbond. Van sy kant af het God 'n verhouding van liefde, trou en genade met mense begin. Hierdie verhouding onderhou Hy van sy kant af enduit. Omdat Hy die enigste Here is wat uit liefde 'n verhouding van trou en genade met mense aanknoop, moet Hy ook gehoorsaam word. God is gedug. Dit beteken Hy moet geëer en gehoorsaam word omdat Hy Koning oor die hele aarde is. Hy het immers volke en nasies aan Israel onderwerp toe Hy die

beloofde land aan Hulle as erfdeel gegee het. Al het die heidense volke en nasies Hom eers nie erken as Koning nie, kom hulle tog tot die besef dat Hy die groot Koning is. Groot en sterk volke en nasies is immers deur die Here, die God van Jakob, aan die klein volkie Israel onderwerp.

Broers, susters en kinders, wat die Heilige Gees aan die kinders van Korag in ons psalm gegee het om te sing van God se koningskap oor die hele aarde, het Hy in Christus Jesus ons Here tot vervulling gebring. In volmaakte gehoorsaamheid aan sy Vader het Jesus Christus die koninkryk van God op aarde kom verkondig. Met sy woorde en werke, ja, met sy hele lewe het Jesus bekendgemaak dat God heerskappy voer oor die hele aarde en oor alles en almal op die aarde.

Dit is nie die duiwel en die sonde wat baas is op die aarde nie. Die Satan is 'n opstandeling wat 'n staatsgreep uitgevoer het op die aarde. Hy het dit vir die mense ingegee dat hulle net soos God sal kan wees wanneer hulle na hom sou luister. Blind as gevolg van die begeerte om soos God te wees, het die mense na die duiwel geluister en self ook opstandelinge geword. Daarom wil elke sondaar baas wees oor sy eie lewe. Sondaars wil alleen 'n sê oor hulle doen en late hê en so konings van hulle eie lewe wees. Die ongeluk van hierdie sondige heerskappy is dat die mens nie 'n koning is nie, maar 'n slaaf – 'n slaaf van sy eie sondige begeertes en 'n slaaf van die duiwel, want hy doen onwillekeurig wat sy sondige hart hom voorsê om te doen.

Maar ons God is die troue Verbondsgod wat 'n verhouding van liefde, trou en genade met die mens aangeknop het. Hierdie verhouding sal Hy enduit volhou. Daarom stuur Hy sy eie Seun om met sy hele lewe die inhoud van Psalm 47 te verkondig, naamlik dat God die groot Koning van die hele aarde is.

Met sy volmaak gehoorsame lewe aan sy Vader leer die Here Jesus ons dat God alleen seggenskap oor die lewe van 'n mens het. Dit wat God in sy Woord die mens beveel om te doen, moet die mens doen, want God is die groot Koning wat geëer en gehoorsaam moet word. Sy Woord is al woord wat in die lewe van die mense mag geld.

Tog het Christus nie net met sy woorde en wonderwerke God se heerskappy oor die mense en oor die hele aarde bekend gemaak nie. As die heilige Koning het God ook seggenskap oor die Satan. En om hierdie seggenskap van God duidelik te maak, het Jesus Christus Homself onder die oordeel van God oor die sonde gestel. Hy het Homself deur God as 'n sondaar laat behandel terwyl Hy die enigste sondelose Seun van God is. Aan die kruis ondergaan Jesus die oordeel, toorn en straf van God oor die sonde van opstandige mense. En as Koning oorwin Jesus aan die kruis. Na die drie ure van duistere Godverlatenheid roep Hy uit: **Dit is volbring!** (Johannes 19:30 AFR83). Die Satan se ystergreep op die mense is gebreek. Satan is oorwin en sy kop is vermorsel.

En die bewyse wat Jesus Christus self vir ons gegee het, is eerstens sy opstanding uit die dood. God is inderdaad Koning oor die hele aarde, Hy voer heerskappy oor die lewe en selfs die dood is onder sy heerskappy. En ons hemelse Vader bevestig sy koningskap oor alles soos Jesus Christus dit uitgevoer het deur Hom op te hef tot in die hoogste hemel aan sy regterhand. Ja, met die Hemelvaart bestyg Jesus Christus die troon wat sy Vader aan Hom gee omdat Hy die koningskap van sy Vader ontvang het.

Met die Hemelvaart het Christus Koning geword vir 'n menigte mense wat Hom en sy Vader aanvanklik nie wou erken het as Koning oor die hele aarde nie. As Koning styg Jesus bo die wolkehemel uit tot aan die regterhand van sy Vader om daar as Koning te heers totdat sy Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het. Daarom kan die dissipels ná die Hemelvaart met groot blydschap teruggaan na Jerusalem. Hulle Verlosser, Jesus Christus, is Koning, en met vreugde en groot geesdrif kan hulle dit aan al die ander mense in Jerusalem gaan verkondig.

En met elke preek van die apostels bevestig Jesus sy koningskap oor die aarde. Na elke preek werk die Heilige Gees in meer en meer mense se harte en wek Hy in hulle die onderdanigheid aan Jesus Christus op. Dag vir dag het die Here mense by sy kerk gevoeg wat hulle onder die gesag van Jesus Christus, hulle ewige Koning, neerbuig en sy en sy Vader se seggenskap oor hulle lewens aanvaar.

Ook met ons het die Here Jesus dit gedoen. Ons het immers nie vanaand hier bymekaargekom in 'n erediens net omdat ons nuuskierig is of omdat ons niks anders het om te doen nie. Nee, ons het hier bymekaargekom omdat ons vanaand niks beter het om te doen as om die lof en eer van ons ewige Koning te besing nie. Omdat ons troue Verbondsgod enduit voortgaan met sy verhouding wat Hy met mense aangeknoop het, het Hy in sy groot genade besluit om ons ook deur sy Gees tot onderdanigheid te bring. Deur die geloof in Jesus Christus het die Heilige Gees ons ook daartoe gebring om in aanbidding voor God ons Vader en Jesus Christus ons Verlosser te kniel. God het immers seggenskap oor ons lewe, want Hy is die groot Koning oor die hele aarde.

Ons sing hierdie psalm ook met groot blydschap en vreugde en geesdriftig, want Christus het ons verlos van die slawebande van die sonde en die Satan. Met sy kosbare bloed het Hy ons die koningskap van sy Vader gebring. En Christus en sy Vader se koningskap is nie 'n dwingelandy van wreedheid nie. Hy is 'n barmhartige Koning wat medelye met ons swakhede het en ons hoe langer hoe meer deur sy Gees en Woord lei om ons vreugde en lewe onder sy heerskappy te vind en te beleef. Deurdat die Heilige Gees ons toerus met Christus se gawes oorwin ons die swakhede in ons lewe en sterf die seggenskap van die sonde en die Satan af.

Daarom, geliefdes, kom ons sing psalms tot eer van God. Kom ons sing psalms tot eer van ons Koning. Kom ons sing met soveel ywer en vreugde dat almal kan hoor dat ons God die groot Koning van die hele aarde is. Ons psalms moet 'n onderwysing vir ander mense wees sodat hulle ook hulle vreugde en lewe van blydschap onder die koningskap van Jesus Christus sal kom soek. Maar nie net ons psalms nie – ons hele lewe moet so deur die Heilige Gees en Woord van God beheers word dat mense uit ons alledaagse lewe kan sien dat ons Koningskinders is, mense oor wie Jesus Christus alleenseggenskap het. En hulle moet die vreugde en blydschap in ons lewe van elke dag sien – die vreugde en blydschap wat Jesus se koningskap in ons lewens teweegbring.

Broers, susters en kinders, dit maak nie saak wat die wêreld van ons Here Jesus se Hemelvaart kwytraak nie. Ons weet en vertrou dat dit waar is en dat Hy nou as Koning aan die regterhand van sy Vader heers – nie net oor ons nie maar oor die hele aarde. En nou is ons nie maar net besig om onself te paai nie. Die Here wys ons daarop dat die vervulling van hierdie psalm nog nie finaal is nie. Die kinders van Korag het hierdie psalm van ons afgesluit met dié woorde:

Die edeles van die volke het vergader – 'n volk van die God van Abraham.
(Psalm 47:10 AFR53)

Met hierdie woorde laat die Heilige Gees ons verder kyk tot op die laaste dag. Wat hier in die laaste vers geskryf staan, is nie iets wat al klaar gebeur het nie. Maar dit is so seker dat dit gaan gebeur dat die Heilige Gees dit vir ons geskryf het asof dit klaar gebeur het. Op die laaste dag wanneer ons Koning en Verlosser, Jesus Christus, as Regter terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel, sal daar uit elke stam, volk, taal en nasie mense rondom sy troon vergader wees. En 'n ontelbare getal sal daar staan wat Hom eer en loof, omdat Hy Koning is. Hulle is diegene wat in Hom glo en weet dat Hy die enigste Here is. Hulle is die volk van die God van Abraham; hulle is die ware gelowiges.

Maar dit is nie net ons wat saam met al ons gelowige broers en susters van alle eeue die Here Jesus as Koning sal eer nie. Ook die wêreld wat ongelowig volhard het om konings van hulle eie lewens te probeer wees en God se seggenskap oor hulle aanhoudend met dwaasheid verwerp het, sal op hulle knieë gedwing word en teen wil en dank sal hulle elkeen met hulle eie tong moet erken:

“Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader. (Filipense 2:11 AFR83)

Ja, geliefdes, ons kan nou al juig en psalmsing tot eer van God, want Hy is Koning en sy Seun heers as Koning nou as ons ewige Koning aan God se regterhand.

Amen!

Slotgebed

Psalm 47:3, 4 (p. 241)

- 3 God vaar voor die oog met gejuig omhoog; / die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal / God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor / Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!
- 4 Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer. / Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste en volke kom / om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER! / Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
Hemelvaart
9 Mei 2013